**Sondag 16 April**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19 (AFR83)**

**Bevoorreg**

Ons is ontsaglik bevoorreg! Ons kan in die teenwoordigheid van God verskyn. Ons kan saam met ander gelowiges na sy Woord luister, saam bid en God loof in die erediens.

Nee, dit is nie vanselfsprekend nie. Ons sonde maak dat ons eintlik in skaamte moet wegkruip ... maar die jubeling van die evangelie is dat Christus ons kom vrykoop het op die slawemark van die sonde. Daarom het ons nou met vrymoedigheid vrye toegang tot die heiligdom, tot God se teenwoordigheid.

In die ou verbond kon slegs die hoëpriester in die heiligdom agter die voorhangsel ingaan, maar nou het die ewige Hoëpriester gekom:

- Deur sy offerbloed het hy vir ons die weg gebaan tot in God se hart.
- Deur sy reddingsdaad keer die voorhangsel ons nie meer nie.
- Deur sy kruisdood het ons nou vrye toegang.

Ons is nou nuwe mense op die weg wat na die lewe lei. Om te lewe, moet jy asemhaal en groei. Daarom moet die gelowige hom oefen om geestelik asem te haal.

Die samekomste van die gemeente is juis 'n geleentheid daarvoor. Deur nie hierdie vrye toegang te gebruik nie, vertrap jy Christus se werk. Die "hoe" van jou erediensbywoning is belangrik:

- Kom met 'n opregte hart, met belydenis van eie skuld en die smagting na die verlossing deur Christus.
- Kom met volle geloofsekerheid met die wete dat Christus jou skoongewas het.
- Kom om medegelowiges aan te spoor tot liefde en goeie dade.

Jy is so bevoorreg om jou in die erediens saam met die gemeente in die teenwoordigheid van die Here te kom stel, nie omdat jy dit verdien nie, maar omdat Hy jou die voorreg van vrye toegang gegee het. Gebruik dit!

*Sing: Psalm 124-1:4*
*Ds. RG Aucamp (Roelie) (emeritus)*